SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging **R250 Betaalbaar per status**
SA Hunters and Game Conservation Association
Tel: (012) 808 9300 **E-Mail: dedicated@sahunt.co.za** **Fax: 086 577 2519** **Web: www.sahunters.co.za**
Plot 3. Mountain Drive 7, Derdepoort, 0159 **PO Box 1952, Montana Park, 0159**

AANSOEK OM BEROEPSJAGTERSTATUS

Hiermee doen ek die ondergetekende aansoek om Beroepsjagterstatus by die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging:

PERSOONLIKE INLIGTING VAN AANSOEKER			
Titel, Voorletters en Van			
SA Jagters Lidnommer		SA Jagters Tak	
ID Nommer			
Selfoon Nommer			
Eposadres			
Posadres			

Met hierdie aansoek aanvaar ek dat ek persoonlik verantwoordelik is om al die vereistes na te kom om hierdie status te behou. Ek bevestig dat ek myself altyd onderwerp aan die Gedragskode, Grondwet, Reëls en Beleidstandpunte van SA Jagters. Verder verbind ek myself tot die onderstaande Gedragskode vir Beroepsjagters as lede van SA Jagters.

Gedragskode van die Beroepsjagter:

As Beroepsjagter in die geledere van SA Jagters onderneem ek en is ek verbind om:

- Alle geskrewe en ongeskrewe jagwette en voorskrifte eerbiedig;
- Niks uit die natuur te neem waarop ek nie geregtig is nie;
- Die regte en belange van die grondeienaar en plaaslike gemeenskappe te erken en respekteer;
- Met deernis te jag en net uit die natuur te benut wat volhoubaar is;
- Fauna en flora, grond en water en die lewe wat dit versinnebeeld aktief te bewaar en met respek en liefde te bejeën;
- My vuurwapen met kundigheid en oordeel te benut en met eerbied vir die lewe aan te wend;
- Nederig te jag, my medejagter te respekteer en jag te bevorder en uit te bou;
- Altyd op te tree op ’n wyse wat eerlikheid en opregtheid weerspieël en nie sal toelaat dat winsbejag oor hierdie beginsels seëvier nie;
- Myself nie aan kliënte wanvoorstel nie, of enigsins poog om kliënte om die bos te lei nie;
- Altyd poog om te verseker dat die ooreengekome dienste aan kliënte gelewer word en om hul veiligheid te verseker; en
- Nie te handel op enige wyse wat die goeie naam van SA Jagters of sy lede, in oneer sal bring nie.

Ek verbind my ook daartoe om hierdie gedragskode en al die beleidstandpunte (soos byvoorbeeld die Vereniging se standpunt ten opsigte van die intensiewe teel van inheemse spesies en die jag van diere wat uit intensiewe teelstelsels kom, maar nie beperk hiertoe nie) van die Vereniging uit te leef en te bevorder en om glad nie betrokke te raak in aktiwiteite wat teenstrydig is met enige van hierdie beleidstandpunte nie. Ek aanvaar dat indien ek teenstrydig hiermee optree my status as Beroepsjagter binne SA Jagters summier opgeskort kan word of my lidmaatskap van SA Jagters summier beëindig kan word.

Verder bevestig ek dat ek die Grondwet, Interne Reëls en Dissiplinêre Prosedure van SA Jagters ten volle onderskryf aan aanvaar.

Ek bevestig dat daar geen dissiplinêre of strafregtelike optrede in verband met enige van die voorafgaande sake teen my aanhangig gemaak is nie, hetsy reeds afgehandel of steeds in die proses van afhandeling is nie. (Indien wel, moet ’n volle verklaring daarvan hierdie aansoek vergesel, met dien verstande dat die finale besluit om Beroepsjagterstatus aan my toe te ken, in geheel aan die diskresie van die Raad van SA Jagters oorgelaat is.)

Ek aanvaar dat die minimum vereiste vir die verkryging en voortgesette behoud van my status as Beroepsjagter by SA Jagters afhanklik is daarvan dat ek in besit is en sal bly van ’n geldige lisensie om as Beroepsjagter te mag handel in minstens een provinsie of land in Afrika, dat ek ’n opbetaalde lid van SA Jagters is en sal bly en myself verbind tot hierdie gedragskode.

Ek aanvaar dat indien ek enigsins versuim het om bogenoemde inligting volledig te verskaf tydens my aansoek of ek myself ná die tyd skuldig maak aan enige optrede wat teenstrydig is met bogenoemde onderneming, dit voldoende gronde sal wees vir die onmiddellike opskorting van my status as Beroepsjagter by SA Jagters en moontlik kan lei tot verdere dissiplinêre optrede teen my.

Ek aanvaar dat indien ek myself skuldig maak aan die oortreding van enige provinsiale of nasionale jag en/of bewaringswetgewing en/of regulasies, dit kan lei tot die summiere beëindiging van my lidmaatskap van SA Jagters.

Ek aanvaar ook dat indien my lidmaatskap van SA Jagters verval, hierdie Beroepsjagterstatus sal verval en dat indien ek weer my ledegelde sou opbetaal, ek van nuuts af sal moet aansoek doen vir hierdie status.

My rede vir hierdie aansoek is die volgende:

_____

_____

_____

Hiermee verklaar ek die volgende

Ek het die bostaande dokument volledig gelees, verstaan die inhoud en het myself vergewis van die vereistes vir die verkry en behoud van Beroepsjagterstatus by SA Jagters.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____ .

Handtekening van Aansoeker _____ Getuie _____

NEEM ASB KENNIS: PROSESSERING/ GOEDKEURING VAN AANSOEKE NEEM HOOGSTENS 5 (VYF) WERKSDAE.

_____Persoonlik Afhaal (Hoofkantoor)

_____Pos na bostaande adres

_____Stuur na tak

SAJWV BANKBESONDERHEDE: ABSA, Pretoria-Noord

Rekeningnommer: 0144-399-00-77

Takkode: 632-005